

28 Februarie

Skrifgedeelte: Johannes 12:20-36

Fokusgedeelte: Johannes 12: 27, 28

Verheerliking deur lyde en sterwe

’n Paar Grieke wil Jesus graag ontmoet. Wat sou hulle van so ’n ontmoeting verwag? Vir die Grieke was skoonheid baie belangrik, een van die hoogste ideale om na te streef. Sou hierdie ontmoeting met Jesus nie vir die Grieke ’n teleurstelling wees nie? Hulle ontmoet nie iemand wat Hom vir die skoonheidsideaal beywer nie, maar Hy praat oor ’n koringkorrel wat in die grond moet val en sterf om ’n oes in te bring? Hy sê selfs (vs 27): “Nou is ek diep ontsteld.” Sy werk is nie maar om mooi te maak en te versier nie. Sy werk is om te verlos. Daarvoor moet Hy ly en selfs sterwe.

Maar daardeur kom ook sy verheerliking, ook die verheerliking van hulle wat aan Hom behoort. Eindelik word ook die skeure en die letsels in die skepping heel en mooi gemaak as God sê (Op 21:5): “Kyk, Ek maak alles nuut!”

Sing: Skrifberyming. 5-3:1, 2

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)